Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 18 Junie 2020

Gedagte van die week:
Dit is dikwels makliker om vir jou beginsels te veg, en selfs daarvoor te sterf, as om 'n leeftyd lank daarvoor te lewe. (Adlai Stevenson; 1835-1914)

Vertrekpunt:
Matteus 10:26-42

Meditasie uit die teks:
Die eerste hoorders van ons teks word deur Jesus uitgenooi om openlik, hardop en duidelik te sê wat in die geheim aan hulle gefluister is. Dit was 'n gevaarlike uitnodiging, want sou hulle dit aanvaar, het hulle die risiko geloop om letterlik hulle lewens te verloor. Hulle sou dalk onderstebo gekruisig word of sterf in 'n klippereën omdat hulle die Jesuskultuur bo die Joodse kultuur gekies het. In óns tyd en in óns omgewing sal die aanvaarding van die uitnodiging meer 'n saak wees van sosiale lewe en dood. Die openlike uitspreek vir Jesusbeginsels mag my algemene sosiale aanvaarbaarheid en gewildheid skade aandoen en nou weet ons die spreekwoord sê, "eerder dood as uit die mode". Dit is óns uitdaging in óns tyd: Nie hoe lief het ek my lewe nie, maar hoe verlief is ek op my sosiale status. Uit die aard van die saak moet 'n mens nie gaan sóék na ongewildheid en jouself dan bejammer oor die "lyding" wat jy ervaar as gevolg van jou geloof nie. Jesus nooi ons hier uit na 'n eerlike lewe wat belyn is met ons geloofsoortuigings en waarvan sosiale verwerping en lyding nie die doel is nie, maar soms 'n noodwendige newe-effek. Jesus nooi ons nié uit om ongeskik, onbeskof, disrespekvol en arrogant te wees nie. Jesus nooi ons nié uit om woord-oorloë te maak met ander kulture en ander gelowe nie. Ons word uitgenooi om met nederige dapperheid te leef volgens ons oortuigings en dan vrede te maak met die onvrede wat ongevraag na ons kant toe kom. **Wat** ons sê en **hoe** ons dit sê is ewe belangrik.

Youtubeskakel:
Hier is jou skakel na Sondag 21 Junie 2020 se reisgesprek. Jy is welkom

https://youtu.be/9Cz3goYV128

Meditasie uit die lewe:
Ek sit vanoggend op versoek by 'n vermoedelik sterwende persoon. Ek vra aan die teenwoordiges of ek vir 'n oomblik alleen by haar mag wees. Hulle verlaat die kamer en maak die deur toe. Die vrou is onrustig, benoud en beweeg haar regterbeen op en af. Ek hou haar linkerpols vas met my linkerhand. Ek vergeet van COVID-19. Ek weet vir 'n oomblik nie wat om verder te doen nie. Ek voel so verskriklik dom. Ek sit maar net in stilte by haar. En toe kom daar woorde oor my lippe: "Vader laat die vrede wat U vir my gegee het deur my vloei na hierdie vrou, gee vir haar die geloofsrus wat U vir my gegee het, vul haar met die wete dat U genade genoeg is". Haar regterbeen beweeg nie meer op en af nie, sy kla nie meer nie, sy begin rustiger asemhaal. Ek haal my selfoon uit, hou dit by haar oor en speel vir haar uit John Michael Talbot se Songs of Worship, "I am the bread of life" en "Father I put my life in Your hands". Die vrou slaap. Ek staan op en verlaat die Allerheiligste. Ek klim in my motor. Ek haal my masker af en saniteer my hande. Ek ry by die hek uit. Verwonderd. Hoe werk gebed? Hoe werk geloof? Hoe werk God? Dankbaar dat ek dit kon beleef en dat ek dit vir niemand hoef te verduidelik nie.
(en as jy dalk dink dat dit morfien was wat ingeskop het … ek gaan nie met jou stry nie … ek moet net openlik getuig van wat ek in die geheim beleef het … ons lees mos Matteus 10 hierdie week)

Weeklikse groepmeditasie
Ons doen ons weeklikse groepsmeditasies tydelik via Zoom. Die meditasies vind gewoonlik plaas op Woensdae om 09:00 en 18:30. As jy aan hierdie Zoom-weergawes daarvan wil deelneem moet jy asseblief 'n epos stuur vir Toit Wessels by toit.wessels@hotmail.com voor of op die voorafgaande Maandag. Dui ook net aan of jy die oggend of aand wil bywoon.

Finansies
Ons het mos 'n beleid wat sê dat ons nie graag oor geld praat nie, en beslis nie bedel nie. Ons het dus ook die afgelope drie maande van grendeltyd nooit daaroor gepraat nie. Vandag moet ek in opdrag van die dagbestuur vir julle baie dankie sê, want ons het almal regtig ons kant gebring. In die tabel hieronder kan jy sien hoe die inkomste van die eerste drie maande van die afgelope vier boekjare vergelyk en dat ons tans mooi in lyn is:

Boekjaar	Bedrag (R)

2016/17	286 321
2017/18	303 872
2018/19	391 479
2019/20	366 579

Ek begin nou al visioene sien dat wanneer ons weer mag vergader ons reisgesprekke sonder “kollekte” hou. Sal dit nie wonderlik wees nie! Ons word al meer ‘n getroue gemeente. Ons droom is mos om God se vreugde meer te maak. Dankie aan almal!

Ons sal ook nie vanjaar ‘n kermis kan hou nie en sal mettertyd vir julle inlig oor hoe ons dit gaan hanteer. Ons hou wel ‘n wynveiling saam met Waterkloof gemeente. Ons het reeds 25 lotte tot ons beskikking en kort nog so 15 lotte waarvoor ons R 15 000 begroot. As jy dalk ‘n besondere bottel wyn wil bydra of ‘n donasie wil maak is jy welkom om hieraan deel te neem. Skakel gerus met ons skriba.

Ons ervaar ook wonderlike getuienisse van mense wat gewoon net goed is vir mekaar en die wêreld om hulle. Daar is baie sulke getuienisse wat onderling gedeel en ervaar word. Dit kan nie in geldwaarde gemeet word nie. Dit het meer ‘n vreugde-waarde! En daarvan kan en mag en wil ‘n mens ook nie boekhou nie!

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers … ons kan in die een-tot-een situasie regtig die risiko tot die absolute minimum bestuur. Vanaf 1 Junie is ons wel essensiële werkers en mag ons mense te woord staan. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrief wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou ‘n ideale geleentheid vir ‘n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net ‘n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of **jjn1@telkomsa.net**